



GOD SE OPDRAG AAN ONS IN 1996 - DANKIE JESUS VIR U GENADE TOT IN 2014

LUKAS IV:18 TOE SÊ DIE HEER VIR DIE DIENSKNEG: GAAN UIT OP DIE PAARTE EN NA DIE LANINGS EN DING HULLE OM IN TE KOM, SODAT MY HUIS VOL KAN WORD. (AOV)



LUKE IV:18 "THE MASTER SAID, 'THEN GO TO THE COUNTRY ROADS. WHOEVER YOU FIND, DRAG THEM IN. I WANT MY HOUSE FULL! (THE MESSAGE)

Landlyn (018) 597 4796 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: P.O Box 25, Makwassie, 2650
Crossroad Gospel Message NPC 2013/002341/08, FNB Account Nr 62355533540, Branch 250053

www.crossroad-ministries.co.za



"You messed up yesterday. But you'll mess up more if you let yesterday's mistakes sabotage today's attitude. God's mercies are new every morning. Receive them."



Kruispad is nie PERFEK nie, ons is nie PERFEK nie, jy is nie PERFEK nie, maar reeds daarom kan ons slegs roem in God se krag, want uit onself is ons niks, dis alles slegs Sy groot, groot GENADE!

IN HIERDIE VERHAAL VAN LUKAS IIV WOU DIE GENOODIDES NIE NA DIE MAALTYD TOE KOM NIE. DAAROM HET GOD OOK VIR KRUISPAD DIE OPDRAG GEDEE OM DIE TE GAAN HAAL WAT OORSPRONKLIK NIE GENOOI WAS NIE.

DANKIE DAT JY OP EEN OF ANDER SPESIALE MANIER BETROKKE IS BY KRUISPAD SE OPDRAG WAT DEUR GOD GEDEE IS.

As jy hierdie nuusbrieff lees, deel jy Kruispad se visie van Lukas 14:23!

2 014 het voorwaar teen 'n hoë spoed afgeskop en ons het al 'n lywige 3 maande agter die rug waarvan ons elkeen wat ons Nuusbrieff so gereeld lees, wil vertel!

Dankie vir elkeen wat vir ons konstant bid en spesifiek vir elke Kruispad Familie Kerk lidmaat en Kruispad Koning! Sonder julle finansiële onder-

steuning, kon ons voorwaar nie bereik het wat ons al het nie tot dusver nie.

In ons April Uitgawe vertel ons julle van die groot dinge wat al gebeur het vir 2014 en waaraan julle ook deel het!

Mag God ook vir jou antwoorde gee deur hierdie eenvoudige nuusbrieff, AMEN!



kruispad konings



Die wile rol vir Jesus en jy's deel hiervan!



... 'n vinnig terugblik na 2013 se einde op Bl 2



Ons gaan 2013 uit en 2014 binne met 'n wonderlike opelugdiens in Klerksdorp!

Dankie Piet, Cynthia & Marius vir die maak van die banier op kort kennisgewing.

Jesus die grootste opelug Prediker in die geskiedenis!

Soek jy 'n Shofar?



DO
justly
LOVE
mercy
WALK
humbly

MICAH 6:8

Die Shofar was in die Bybelse tyd gebruik om belangrike gebeure aan te kondig nl. Oorwinning oor die vyand, Oproep om God te aanbid, Danksegging ens. Vir ons as kinders van God, blaas ons die shofar as simboliek hiervan. Dit bekragtig jou verklaring en kondig ook jou oorwinning en deurbrake aan in die geestes realm!

Kontak: Coen @084 506 6049



Ons het op 31 Desember by Flamwood Walk Mall in Klerksdorp 'n oujaarsnagdiens gehou en mense kon van 18H00 reeds kom saamkuier terwyl hulle 'n vleisie gebrui het en na lekker musiek en sang geluister het. Teen 11 uur die nag het Francois 'n boodskap gebring uit 1 Thessalonisense Hoofstuk 4:11-18 en Hoofstuk 5:1-11 Op Bl 2 is die volledige skrifgedeelte vanuit die CEV (Contemporary English Version) vertaling want dit is belangrik dat ons dit lees en verstaan. Paulus is ernstig oor mense wat onkundig is oor die dood, die wegraping en die wederkoms van Jesus, die Christus. Daar is soveel leringe wat nou opspring en mense word verwar deur gebeure wat teenstrydig is met hul leraars se leringe en so raak baie mense afvallig en val terug in die wêreld in of raak apaties teenoor die kerk. **Die waaragtige WAARHEID moet ons vrymaak, nie verwar en vreesagtig maak nie!**

"Die hele land sal praat oor hoe goed dit met jou gaan!" Psalm 41:3

Hoe moet ons oor die Heilige Gees dink?

Lees Johannes 1:29-34

En van die dinge wat ons die meeste van die Heilige Gees verwar is die name waarmee Hy in die Bybel genoem word. In Joh 2 word daar na Hom verwys as 'n **duif** wat uit die Hemel neergedaal het, in Hoofstuk 3 is Hy 'n **wind** wat waai waar Hy wil en in Hand 2 is Hy 'n **wind** wat deur 'n vertrek waai en **vuurtonge** wat op mense se hoofde gaan sit.

Hoe moet hieroor dink?

Al hierdie beelde is 'n wonderlike

manier wat die Heilige Gees gebruik om vir ons iets van Sy wese te laat verstaan.

Laat ek dit so verduidelik...

Wanneer ek vir my vrou sê dat sy 'n pêrel is bedoel ek verseker nie daarmee dat sy rond en blink is nie, maar dat sy kosbaar is. So is die name van die Heilige Gees.

Die **vuur** vertel ons van Sy groot werk van reiniging en heiliging.

Die **duif** was simbool van eerlikheid en reinheid.

Dit is hoe die Heilige Gees is en wat Hy ook in die lewe van God se kinders wil indra.

Die **wind** vertel van Sy vrymagtigheid en dat Hy net gaan waarheen God die Vader Hom stuur, maar ook dat Hy soos die wind nie gebind of gevange gehou kan word deur ons klein menslike plannetjies of denke nie.

Ons kan maar net stil word oor die groot gawe van die Heilige Gees en die Vader onophoudelik dank dat Hy Hom tot ons bekikking gestel het.

... Kruispad Kamp! Hoekom? Bl 3

KAMPE


**Deo Gloria,
Barkley Wes NK**

**Shammah Game Lodge,
Koster NW**


MY GETUIENIS

Die rede waarom Kruispad manne, vroue, huweliks- & gemengde kampe aanbied is omrede my eie lewe verander het by so 'n geestelike kamp. Om van die Vrydagaand tot die Sondagmiddag in die teenwoordigheid van die Here te wees en heeltyd met geesdeurdronge lofprijsing, woord en aanbidding bedien te word, bring jou in die atmosfeer van God se salwing en krag. Daar is geen manier hoe jy onveranderd kan huistoe gaan nie! Ek kan onthou hoe ek op 'n Sondag by so 'n mannekamp die salwing so sterk ervaar het, dat ek aan die huil geraak het vir omtrent 2 dae aaneen!

Francois



**Wat is Kruispad
se siening rondom die kerk en kampe?**



'n KERKDIENS kan nie 'n KAMPNAWEEK vervang nie en 'n KAMPNAWEEK kan nie 'n KERKDIENS vervang nie, maar daar is 'n PLEK vir BEIDE. BEIDE is belangrik en BEIDE MOET daar wees! SAAM vorm KERKDIENSTE & KAMPNAWEKE 'n gedugte SPAN om God se kinders te restoreer, te bemagtig en te positioneer vir hul skeppingsdoel! Dis prosesse wat TYD vat en KAMPE bied soms daardie ekstra TYD wat ons nie kan inpas in 'n gewone KERKDIENS nie. Die kerkgebou of die kampgronde is nie die KERK nie! Dis 'n great samekomsplek of venue vir hulle wat God wil kom dien. MAAR... As almal uit die kerkgebou of van die kampgronde af weggaan, bly daar net dooie stene oor... WANT.. ONS is die KERK of die KAMP, die LEWENDE boustene!

... Kruispad Kampe vir 2014 en Crossroad Studio! Bl 4

Ons Studio het geskuif!



Orkney Studio

Tans sukkel ons nog in Makwassie om die regte spasie te kry vir ons studio, maar ons het nog voorraad van ons bestaande boodskappe op DVD indien u so belangstel kan ons vir u 'n lys stuur.

Kontak ons kantoor: (018) 597 4796 of e-pos ons na info@crossroad-ministries.co.za

Die Nagmaaltafel...

By elke kamp gee die Heilige Gees vir ons die inspirasie wat ons moet doen en hierdie was so 'n oomblik....



Profetiese Kamp 14-16 Maart 2014

THE LION OF JUDAH

Deo Gloria, Barkley Wes

Hierdie was ons 1ste Kamp vir 2014 vir Manne & Vroue

'n Naweek wat ons wildste verwagting oortref het! Dit was die heel eerste Profetiese kamp wat ons aangebied het vir manne en vroue en God se stempel van seën het gerus op hierdie kamp!

Ons wat voorwaar soos die 70 dissipels wat Jesus 2x2 uitgestuur het om die Evangelie te gaan verkondig! (Lees Lukas 10)

Ons beseft dat hierdie kamp 'n rotsvaste fondasie vorm van ons volgende manne- & vroue kampe wat volg. As die Here wil, hou ons Mei 2015 ons volgende kamp wat 'n weermag aanslag gaan hê en ons tema is: **FAITH WARRIORS**. Hier vat God se Gees jou van 'n gewonde kryger tot 'n Geloofsheld!

Ons het hierdie naweek weereens gesien dat God jou lewe **KAN** en **WIL** verander as jy met 'n **gewillige hart** kom en bereid is om **ALLES** voor Sy voete neer te lê, Hom te **vertrou** met jou lewe en jou wil, denke en emosies (jou siel) te **onderwerp** aan jou gees wat nou gevul is met God se Gees! Dis die antwoord op jou lewe en vrae... As jou **SIEL** nog jou lewe beheer, het jy **GROOT** moeilikheid, maar sodra jou **GEES** in lyn kom met God se Gees, dan beweeg jy in God se wil & plan vir jou lewe in. Jy sien hoe jou lewe, jou huwelik, jou besigheid, jou menswees **VERANDER!** **DEURBRAKE**, **OPLOSSINGS** en **SEËNINGE** vloe! Dis eintlik so eenvoudig...

Bid saam: "Vader, in die Naam van Jesus Christus roep ek my gees tot gehoorsaamheid aan U wil vir my lewe. My gees wat nou in lyn is met U wil, neem nou outoriteit oor my wil, denke, emosies en liggaam. Ek sal leef vanuit my GEES wat nou vervul is met U Gees van Waarheid! Amen!"

Dankie vir elkeen wat **Lion of Judah** bygewoon het. Julle was elkeen deel van God se meesterplan vir die kampe wat moet volg!

Stuur jou ervaring of getuigenis na info@crossroad-ministries.co.za

DEO GLORIA, BARKLEY WES NK



Manne & vroue aanbid God by Lion of Judah kamp!



Wat is 'n kamp sonder dié 2? Dankie **Braam & Riana** vir uitstekende etes (veral die Hamburgers!) Julle is GREAT!

... Ons kyk na ons Getroude Met Liefde kamp wat verby is en die wat nog kom! Bl 5

Gaan lees gerus op ons webtuiste hoekom ons hierdie kampe aanbied!



Getroud Met Liefde + Seks ^{SN}

Intimiteitskamp vir Getroudes
Pastore Francois & René van den Bergh
www.crossroad-ministries.co.za

14-16 Feb, *Koster*

God wil jou huwelik suksesvol sien...



Hoe sê mens dankie vir mense soos Nick & Julie Volk wat werklik alles in hul vermoë doen om kampe soos hierdie te akkommodeer wat andersins onbetaalbaar duur sou wees! Alles word met soveel liefde en uitnemendheid gedoen! Ons dank God dat daar nog mense soos julle oor is in die wêreld! *Francois & René*



...maar wat sien jy?



Getroud Met Liefde se Geskenkpakkies vir elke couple

Ons kamp van 14-16 Feb was 'n reuse sukses en ons gee God al die eer!

Ons was 19 couples van so vêr as Postmasburg en het teen Saterdagmiddag al gevoel soos ONE BIG FAMILY!

Sondag het ons afgesluit met 'n Profetiese bediening en elke couple is persoonlik bedien.

Dit was 'n blessing om saam met julle te wees!

DIVORCE STATISTICS 2012/13 REPORT DEPT OF JUSTICE

Divorce Rate increased with
28% from 29 573 to 50 517
divorce cases

Main reasons for divorce:

- ♥Sex ♥Money ♥Adultery
- ♥Unrealistic Expectations
- ♥Lack of Sexual Intimacy

It is also mostly people in urban areas that split!



Getroud Met Liefde
9 & 10 Mei 2014
Pretoria



Getroud Met Liefde
20 & 21 Junie
Vanderkloof

Besprekings: Connie @ 071 551 8191 of Chrissie @ 071 634 0632

Besprekings: Connie @ 071 551 8191 of Stephané @ 073 471 1216

Aanlyn Besprekings & Info op www.crossroad-ministries.co.za

... Ons Kruispad Familie Kerk en Wolmaranstad bediening! Bl 6

Dienstye:
6 & 27 April
4 & 18 Mei
 CHURCH ON THE **MOVE** ▶▶


kruispad
 familie kerk



Sê hardop saam met my: "EK IS 'N GESEËNDE VAN DIE HERE!"

Elke familie, elke man, elke vrou, elke kind, is vir God spesiaal en belangrik en daarom is elkeen ook vir ons belangrik!

Kruispad Boodskap reik uit in Wolmaranstad



- Ons hou op 6 April ons 3de diens in Wolmaranstad.
- Ons het 'n behoefte gesien en wil dit graag aanspreek.
- Ons wil dankie sê vir ons gemeente en ons Kruispad Konings wat dit vir ons moontlik maak om hierdie gemeenskap te bedien.
- Hierdie dienste begin 16:00 nm op dieselfde dag waarop ons ons Klerksdorp Dienste het wat om 09:00 vm is.

... Ons opkomende Paaskonferensie & Nasionale Vrouekamp vir 2014! Bl 7

Oor 2 weke begin ons 2de Paaskonferensie! 18-20 April 2014



Ons almal, groot en klein, gaan lekker pret hê!

Ons program is prop- vol vir die 3 dae en ons wil tussendeur ons geestelike sessies ook lekker saamkuier en daar wag 'n heerlik klomp pret op jonk en oud!

Ons het Volleybal Kampioenskappe, Putt-Putt. Glam Guru, Fear Factor, Hondeskou, Hamburger Queen. Waterslides, Springkastele, Bike-look-a-like, Toutrek en hope ander vermaak met lekker musiek deurentyd!



ONS KAMPGENERAAL - GENL SMUTS!

Ferdi Smuts @ 079 036 0560 is ons generaal wat sorg dat die feesprogram vlot verloop en hy hou almal op die terrein op hul tone!



BAIE BELANRIK! Kruispad hef **GEEN** addisionele kostes vir hierdie naweek nie. Ons aanbiedings is gratis en ons gaan slegs 'n dankoffer opneem Sondag.

Elke persoon reël slegs vir sy eie toegang en akkommodasie by die Ijaanie Vakansie Oord.

Kontak Persoon: Yolandi Harris @ 082 456 4903 **Padaanwysings:** GPS Koördinate: S27°07.107° & E026°30.953°



Revelations 19:14 The armies of heaven, dressed in the finest of pure white linen, followed Him on white horses.

"We say Yes! Lord!
We'll ride with you!"

24-26 Oktober 2014, Deo Gloria Kampgronde,
Barkley Wes, Noord Kaap

Verwagting vir 2014 is 500-600 vroue!

Paasnaweek is 'n tyd waar ons weereens as families moet stilraak en die groot prys wat Jesus Christus vir ons op Golgota betaal het oordink.

ALLES IS NET GENADE! Ons verdien niks nie! Ons kan ook niks doen om ons saligheid te koop nie. **Dis 'n keuse om Jesus te volg.** Die Ewige Lewe het Hy vir **JOU** klaar betaal, maar Hy hou vir jou voor die **LEWE** en die **DOOD**... Het JY al gekies?

Ons wil oor die 3 dae (**18-20 April**) tyd maak om stil te raak en te besin oor die lewe. Soms is dit net 'n gejaag na wind. Ons wil **antwoorde vind** op al ons vrae: Waarvoor leef ek? Vir wie leef ek? Is ek vervuld? Leef ek God se plan vir my lewe? Is ek gelukkig met my lewe?

Ons wil saans 'n groot **kampvuur** maak en sommer net praat! So tussendeur gaan ons sommer nog **worship**, maar ons gaan **PRAAT** oor die dinge wat saakmaak en seermaak.

Jy **SAL** huistoe gaan met **antwoorde** in Jesus die Verlosser se Naam, Amen!

10 Jaar Viering!

Kruispad se Nasionale Profetiese Vrouekampe word 10 jaar!

Kostes: R350 pp (12jr+)
Pensionaris (60+) &
Kruispad Konings: R300
Kinders 5-11 jr: R300

Bus Retrokaartjie: R320pp

Besprekings:
Connie @ 071 551 8191

Aanlyn op ons webtuiste
bookings@crossroad-
ministries.co.za

... Kom ons kyk na Makwasie en nog gebeure wat kom vir April 2014! Bl 7

HUIS, PALEIS, PONDOK, VARKHOK!

Lees Lukas 15:13-16 (1 van 3 dele)

Onthou jy die kinderrympie wat ons met die knope aan ons trui of hemp gespeel het; huis, paleis, pondok, varkhok? Alhoewel dit net 'n speletjie was, herinder dit 'n mens tog baie aan die verhaal van die jongste seun (verlore seun).

Mens kan jou net voorstel hoe de jongman sy lewe moes geniet het. Uiteindelik is hy ontslae van die ouman met al sy beperkende maatreëls.

Hy het volop geld en daarom ook baie vriende. Die musiek speel en die kos is heerlik – huis, paleis.

In 'n kort tydjie is die geld egter uitgeput en het sy vriende hom verlaat.

'n Droogte kom in die land en hy land by die varkhokke. Wat 'n vernedering moes dit vir hom as Jood gewees het om te verlang na die kos van die mees onreine dier.

En so word die rympie voltooi: huis, paleis, pondok, varkhok.

Die vryheid wat hy los van sy vader wou geniet word 'n tronk waarin hy vasgebind is, die reis na die vër land 'n doodloopstraat waarin hy met sy ver-

wyte vasgekeer is.

So gebeur dit altyd.

Die geld waarvoor ek God verloën word kettings wat my bind; die vrou vir wie ek Hom verraai word 'n meulsteen om my nek.; die plesier waarvoor ek Hom verlaat word leeg en sinneloos.

Dit is nooit die moeite werd om die Vaderhuis te verlaat nie.

Deel 2 & 3 verskyn in volgende uitgawe

MAKWASSIE KAMPGRONDE

Kruispad bedien by Onse Rus Dienssentrum,

Ons kry 'n raamwerk van 'n skuur



Bouwerk in proses...



Ons vertrou God vir finansies op Sy tyd!



Ottosdal 13 April 2014 @ 10:00vm



Na die diens 'n heerlike ete @ R60 pp (volw) & R40 (kind)

ALMAL IS WELKOM!

Besprekings vir etes:

Koos Weideman @ 072 276 9749

Liesel Weideman @ 076 809 5215

Naomi @ 018 571 0466


kruispad
familie kerk
bied aan:

Having someone to
love is FAMILY.
Having somewhere to
go is HOME.
Having both is a
Blessing.



On the 26th April 2014

**Men vs Women takes on
"Home Affairs"!**

There will be an intense discussion on subjects such as:
FAMILY; RESPONSIBILITIES; KIDS; CHURCH; MONEY;
MARRIAGE; RELATIONSHIPS; COMMITMENT SECT!

The HEAT is on!

Contact Person: Neil Fourie @ 074 581 9950

Venue: Not confirmed with publishing (Klerksdorp)

... Kom ons sê dankie vir ons Konings & gemeente! Bl 9

Hierdie bladsy is vir JULLE wat Kruispad op die pad hou!



kruispad konings

Proverbs 29:18 (Amplified)
**Where there is no vision,
the people perish.**



"Hoor met jou hart!"

Omdat jy 'n VISIE het, sal nie "perish" (tot niet gaan) soos mense wat maar net aanploeter van dag tot dag nie!

Die volgende gaan met jou gebeur: As jy eendag sterf en in die hemel aankom, gaan daar mense na jou toe kom en jou bedank omdat jy 'n aandeel in hulle redding gehad het!

Hoekom sê jy so? Kom ek sê jou hoekom!

Jesus vertel 'n gelykenis in Lukas 16 vanaf vers 1-13 van 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het. Hierdie was nou een van daai ouens waarvan Spreuke 29:18 praat. Hy het geen visie gehad nie, hy't sy baas rot en kaal besteel, hy was te lui om te werk, hy wou ook nie bedel nie, hy was nou 'n "perishable candidate"!

Tog prys sy baas hom oor sy slim skelm optrede!



As God jou lei om 'n Kruispad Koning te word, kontak ons!

Vorms kan van ons webblad afgelaai word.

Let wel: Jesus self vertel hierdie gelykenis.

Dit wil sê; Jesus sê vir ons as Sy kinders, ons wat Sy Koninkryk moet bou, dat ons moet wakker en skerp wees oor Sy Woord.

In vers 9 sê Jesus:

En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.

Wat bedoel Jesus in Lukas 16:9?

"Ek sê vir julle, maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon."

Dit beteken: Jy wat reeds in Kruispad Bediening finansieel belê maak vir jou op 'n eerlike wyse vriende wat Jesus Christus volg.

Nie soos die bestuurder wat van sy baas gesteel het nie!

Jesus het tog gesê, want Hy vertel die gelykenis, dat hierdie skelm at least kon planne maak!

Nou wil Jesus vir ons iets sê!

"sodat wanneer julle die lewe verlaat.."

Dit beteken: wanneer jy sterf en in die hemel aankom...

"...hulle jul in die ewige tente kan ontvang."

Dit beteken: die "hulle" hierbo is die vriende wat jy gemaak het (waarvan jy nie eens geweet het nie) deur in God se Koninkryk te belê. Hierdie "hulle" het ook gesterf en "hulle" wag vir jou in die hemel. Dis "hulle" wat jou met ope arms gaan inwag!

Die les van Jesus se gelykenis

Is as jy in God se Koninkryk belê, jy 'n aandeel het in elke siel wat tot redding kom! M.a.w jou finansies speel net so 'n groot rol soos die prediker wat hierdie persoon na Jesus toe gelei het.

Nou! Vir jou wat in God se werk belê moet Lukas 16:10-12 'n groot aansporing wees en bly!

Lukas 16:10-12 Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig. As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?

En as julle nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?

Dankie dat JY getrou is! Jou beloning sal 30,60,100 voudig wees! AMEN!